Bevelvoerder van duikboot op koers

Richard Roberts

KAAPSTAD. – So lank as wat hulle hom toelaat, sal kdr. Thamsanqa Handsome Matsane, die eerste swart bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse duikboot die SAS Queen Modjadji, aan die roer van dié skip wil bly.

Matsane het hom in 1998 by die vloot aangesluit en is op 26 April 2012 – 'n dag voor Vryheidsdag – as bevelvoerder van die Queen Modjadji aangestel.

Kdr. Thamsanqa Matsane

Oor sy eerste jaar as bevelvoerder het hy gesê 'n mens leer in enige werk soos wat jy aangaan. "Party van die goed wat ek as bevelvoerder ervaar het, het ek verwag en ander was vir my 'n heel nuwe ervaring. Daar was elke dag nuwe uitdagings, maar ek geniet my werk."

Hy het onlangs aan boord van die duikboot in die vlootbasis in Simonstad gesê hy het goed ingepas en sy kollegas is gelukkig. "Ons is een span en werk goed saam."

Oor sy span het hy gesê: "Hulle het die vermoë om die werk goed uit te voer. Ons het meganiese, elektriese en radiopersoneel. Ons is 'n span van 28 mense en almal help mekaar.

"Enige duikboot is gevaarlik. As jy duik is dit gevaarlik . . . alles werk elektronies.

"Ons is opgelei om enige gevaar te kan hanteer en ons hanteer dit as professionele mense."

Hy het verlede jaar met sy aanstelling gesê hy is bekommerd oor die tekort aan opgeleide duikbootpersoneel.

"Die vloot is egter besig om mense op te lei. Dis tegniese opleiding. Die vloot werk ook aan nuwe aanstellings. Die probleem is mense kan die opleiding nie op enige plek kry nie. Die vloot is daarvoor verantwoordelik. Ons werk daaraan, ek ook. Ek dink ons gaan die tekort te bowe kom."

Hy het gesê sedert 1969 tot nou het net sowat 1 070 kandidate gekwalifiseer.

Rondstampery oor handsak beweer

Eugene Gunning

GEORGE. – Die tonge is los oor 'n beweerde rondstampery waarby die burgemeester van die Eden-distriksmunisipaliteit se seun Dinsdag betrokke was.

Gemoedere het opgevlam toe Wessie van der Westhuizen by die kantore van die George-munisipaliteit opgedaag het om sy vrou, Suleima, te gaan haal. Sy het hom gebel en gevra om haar te kom haal nadat sy vroeër gevra is om haar kantoor te ontruim. Sy werk in die afdeling menslike hulpbronne.

Wessie van der Westhuizen
Foto: VERSKAF

Van der Westhuizen se seun het glo 'n munisipale amptenaar weggestamp toe dié na bewering in sy ma se handsak wou krap. Van der Westhuizen senior was teenwoordig.

Na verneem word, is Van der Westhuizen dadelik daarheen nadat sy vrou hom gebel het. Hy het haar in 'n emosionele toestand aangetref toe sy besig was om haar kantoor te ontruim.

Die vet was in die vuur toe 'n amptenaar in haar handsak krap om te sien of sy iets saamneem.

Van der Westhuizen se seun het glo toe vir die amptenaar gesê: "Meneer, jy kan mos nie in my ma se handsak krap nie." Hy het hom toe weggedruk.

Van der Westhuizen het gister by navraag gesê hy het met skok kennis geneem van die bewerings.

Volgens hom is dit niks anders nie as nog 'n poging om sy politieke profiel af te breek.

Trevor Botha, George se munisipale bestuurder, was nie vir kommentaar beskikbaar nie. *Die Burger* het egter betroubaar verneem 'n interne verslag is reeds van die munisipaliteit se direkteur van korporatiewe dienste aangevra.

Ingeligtes het gesê dit is 'n sensitiewe saak, want die DA kan nie nou sulke swak publisiteit bekostig met verskeie munisipale tussenverkiesings aan die kom, onder meer op Oudtshoorn, nie.

Nederland gee SA forensiese hulp

DEN HAAG. – Suid-Afrika gaan hulp by Nederland kry met die opleiding van forensiese laboratoriumwerkers, het die Nederlandse oggendblad *AD* berig.

Luidens die berig gaan die Nederlands Forensisch Instituut (NFI) van Den Haag 'n opleidingslaboratorium in Kaapstad oprig. Dit sal bekend staan as CSI Cape Town. Die laboratorium moet binne 'n jaar aan die gang wees.

Die plan is blykbaar dat Kaapstad die eerste dergelike oorsese opleidingslaboratorium sal huisves. Nog meer word in die vooruitsig gestel.

Suid-Afrika word nie meer dikwels in die Europese media vermeld nie. Dié berig is egter tipies van dié negatiewe aanslag wanneer dit wel gebeur.

Die berig lui: "In Suid-Afrika word forensiese ondersoeke nou nog nouliks verrig as 'n misdaad gepleeg is terwyl dit 'n besonder gevaarlike land is: Die aantal moorde en verkragtings is hoog. Dikwels word geen selfoongegewens versamel of vingerafdrukke gesoek nie." **– Leopold Scholtz**

Uitsluitsel kom oor perdesiekte

KAAPSTAD. – Dit sal hopelik voor die naweek bekend gemaak word of 'n perd aan die Weskus verlede maand wel Afrika-perdesiekte gehad het.

Voorlopige aanduidings dat die perd dié siekte gehad het, het verlede week groot kommer in die perdegemeenskap gewek.

Die perd is op Jaco Cloete se plaas, Jadison, noord van Melkbosstrand van kant gemaak.

Wayne en Nicky Thurgood, eienaars van Thandeka Stables wat langs Jadison geleë is, is deur 'n werker na die plaas ontbied nadat die perd siek geword het.

Volgens hulle het die perd kolieksimptome gehad.

"Die perd kon nie gered word nie, maar het geen simptome van Afrika-perdesiekte getoon nie," het Wayne, wat al langer as 40 jaar met perde werk, verduidelik.

Wouter Kriel, woordvoerder vir die Wes-Kaapse minister van landbou, het gesê daar was tot dusver geen verdere perde wat siek geword het nie.

"Ek behoort teen Vrydag die uitslae te hê," het hy bygevoeg. **– Blanché de Vries**

WERK AAN N7 OM CLANWILLIAMDAM TE VERGROOT

Geriewe gesloop vir bouery

Inwoners eis vergoeding as geboue afgebreek word

Richard Roberts

KAAPSTAD. – Mits hulle vir hul verlies aan sake of eiendom vergoed word, verwelkom inwoners van Clanwilliam die beplande bouwerk aan die N7 langs die Clanwilliamdam.

Die Burger het vroeër berig plaasgeboue en geriewe van vakansie- en ontspanningsoorde op die oewer van die dam sal gesloop word wanneer die dam vergroot word.

Van dié plekke sluit in die Clanwilliam-kampeerterrein, houthuise in die Caleta Cove-vakansiewoonbuurt, die watersportsaal en die Total Cedar Inn-vulstasie langs die N7, sowel as die Cedar Inn.

> **Die projek moet aangaan, maar dit wat ek verloor, moet vervang word.**
> – GERARD STONE

John Edge, tesourier van die Clanwilliam Aquatic Club, het gister gesê die klubhuis en skeepshelling by die dam sal gesloop word, maar hulle praat reeds met die departement van waterwese oor die oprigting van nuwe strukture sodra die bouwerk afgehandel is.

"Hulle is bewus van ons situasie en daar is geen rede waarom hulle nie vir ons klub voorsiening sal maak nie," het Edge gesê.

Gerard Stone, eienaar van die Total Cedar Inn-vulstasie langs die N7, het gesê hulle het nog geen amptelike dokumente oor die bouwerk ontvang nie, maar 'n vergadering word vir 10 Junie in die NG-kerksaal beplan.

Diegene wat deur die bouproses geraak gaan word, sal hier toegespreek word.

"Die projek moet aangaan, maar dit wat ek verloor, moet vervang word . . . dis die beginsel waarop onteiening werk."

Gevra oor sy toekomsplanne, het hy gesê: "In dié stadium hang dit af waar die pad gaan loop. Afhangend daarvan gaan ek weer 'n vulstasie oprig."

Kobus Joubert, eienaar van 'n vakansiehuis by Caleta Cove, het gesê sowat 30% van die huise hier gaan in die slag bly. Die dam se vloedlyn loop deur die gebied.

"Ek het nie 'n probleem met die bouwerk nie; al probleem is die kommunikasie oor die afgelope ses jaar," het hy gesê.

'n Tender hiervoor is pas deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (Sanral) geadverteer. Vusi Mona, woordvoerder van Sanral, het gesê die tender is Maandag gevra en die bouwerk sal eers in September begin.

Die N7 moet vir sowat 4 km verlê word.

Rashid Khan, Wes-Kaapse hoofdirekteur van die departement van waterwese, het gesê: "Die dokumente vir die bouproses word nog gefinaliseer."

Die konstruksie sal minstens drie jaar duur.

"Ons maak die damwal hoër sodat meer water daarin kan opgaar. Die water sal aan die dorp, die boere en opkomende boere in die gebied verskaf word."

Die wal word met 13 m verhoog.

Josephine Payne, die ma van Lorenzo-Lee Payne wat Maandag voor sy ouerhuis doodgeskiet is, vertel gister in trane hoe haar seun om hulp geroep het. Foto: WIKUS DE WET

Man geskiet toe hy seun help

Richard Roberts

KAAPSTAD. – "Ek het vanoggend opgestaan om vir hom brood in te sit, want ek het vergeet hy is nie meer hier nie."

Só het 'n bedroefde ma gister vertel nadat haar seun vroeër vandeesweek voor sy ouerhuis by Plutostraat 6, Rocklands, in Mitchells Plain doodgeskiet is.

"Hy was 'n goeie seun wat sy lewe vir iemand anders gegee het," het Josephine Payne (60) oor haar seun, Lorenzo-Lee (30), gesê.

Lorenzo-Lee, 'n pa van twee, is Maandagaand deur twee mans doodgeskiet.

Hy het vroeër die aand sy tweejarige kind by sy vriendin se huis in dieselfde gebied besoek.

"Op pad terug, toe hy om die draai by ons huis kom, het hy gesien hoe twee mans 'n skoolseun – ons bure se seun – aanval. Hy het hulle gevra om die seun uit te los. Hulle het begin baklei, waarna een 'n vuurwapen uitgepluk het. My seun en die bure se seun het weggehardloop . . . voor ons hek toe skiet hulle twee skote op hom."

Lorenzo-Lee Payne (30) Foto: VERSKAF

Die mans wou glo die tiener beroof.

"Ek het die skote voor my hek gehoor en wou uithardloop, maar my man het my gekeer," het die ma met trane in die oë vertel.

Die moordenaars het by die hek 'n derde skoot op Lorenzo-Lee afgevuur. Hy is in die rug, long en arm getref. Drie kruisies lê nog op die plek waar hy geval het.

Die tienerseun (17) is deur die bure gehelp. Hy is hospitaal toe geneem en intussen ontslaan.

"My seun het geskreeu: 'Ma, help!' Die mense moes keer, want ek wou hom gaan optel . . . ek het nie gedink dis so erg nie, maar hy is weg," het die ma, 'n gemeenskapswerker, gesê.

Volgens haar is daar gereeld voorvalle van geweld in die gebied.

Die mans wat Lorenzo-Lee geskiet het is onbekend aan die gesin.

"Hy was 'n held. Almal het iets goeds te sê gehad oor hom," het Josephine gesê en na Lorenzo-Lee se sertifikate en trofeë gewys.

Hy word Saterdag uit die St. Stephens-kerk in Rocklands begrawe.

Kol. Tembinkosi Kinana, provinsiale polisiewoordvoerder, het gesê niemand is nog in verband met die skietvoorval in hegtenis geneem nie.

'n Saak van moord en poging tot moord word ondersoek.

Aansoek oor raad nie in hof

KAAPSTAD. – 'n Dringende hofaansoek oor die toekoms van Oudtshoorn se munisipale raad kon nie gister aangehoor word nie omdat 'n regter siek geword het.

Die speaker van die munisipale raad, John Stoffels, het vroeër vandeesweek 'n aansoek by die Wes-Kaapse hooggeregshof ingedien om 'n besluit van Vrydag se raadsvergadering deur 17 raadslede (12 van die DA en vyf ANC's wat die DA gesteun het) nietig te laat verklaar.

Hardy Mills, opdraggewende prokureur vir Stoffels, het gistermiddag aan *Die Burger* gesê die aansoek kon nie gister aangehoor word nie omdat die regter wat dit sou hanteer siek geword het.

"Tans het adjunk-regterpresident Jeanette Traverso die hoflêer.

"As gevolg van die ontydige siekte van die regter kon dit nie gister aangehoor geword nie. Sy het ons die onderneming gegee dat sodra daar 'n regter beskikbaar is, sy die partye in kennis sal stel."

Chris MacPherson, DA-woordvoerder, het gesê Mills het daarop "aangedring" dat die saak aangehoor word.

Hy het volgehou dat dit "nooit die bedoeling van die DA was om by 'n litigasie betrokke te raak nie". **– Carryn-Ann Nel**

Hotel se nuwe base tjoepstil

Marelize Barnard

KAAPSTAD. – Die nuwe eienaars van Realcor se halfgeboude hotel in Bloubergstrand bly tjoepstil oor wie hulle is en wat hulle met die gebou wil doen.

'n Pa en seun het die gebou op 23 Mei vir R44 miljoen op 'n openbare veiling gekoop, maar wat hulle met die gebou wil doen, is 'n raaisel.

Die afslaer, Jonathan Smiedt, uitvoerende hoof van ClareMart, het gesê hy kan slegs die identiteit van die kopers bekend maak indien hulle daartoe instem. En hulle wil nie.

Die nuwe eienaars is blykbaar ontwikkelaars van Gauteng. Hulle sal uiteindelik R57,57 miljoen vir die gebou betaal, wat ekstra koste soos BTW insluit.

Die likwidateurs van die Realcor-maatskappy Midnight Storm Investments 386 het sewe werksdae gehad om die veilingsaanbod te aanvaar en dié aanbod is Maandag aanvaar.

Die R44 miljoen is minder as die skuld van R52,2 miljoen aan FirstRand Bank, wat die likwidasie-aansoek teen Midnight Storm Investments ingedien het.

Altesaam 3 348 mense het sowat R650 miljoen belê in drie beleggingsmaatskappy van Realcor wat geskep is om as deel van 'n eiendomsindikasie "aandele" in die hotel te koop. Die beleggers is egter nie regstreekse krediteure van die gelikwideerde Midnight Storm nie.

Lugweë nou sonder operasie ondersoek

Elsabé Brits

KAAPSTAD. – In stede van 'n pynlike operasie om kliere of gewasse te ondersoek, kan pasiënte by die Groote Schuur-hospitaal nou 'n moderne prosedure ondergaan.

Die Universiteit van Kaapstad het 'n endobrongiale ultraklankskandeerder aan dié hospitaal geskenk, wat dit slegs die tweede in die land maak wat een het – in die private en die openbare sektor.

Prof. Keertan Dheda, hoof van pulmonologie aan die Groote Schuur-hospitaal en die Universiteit van Kaapstad, het gesê die instrument kan gebruik word om limfkliere, of enige gewas of groeisel, langs en in die lugpyp te bekyk. Dit maak gebruik van ultraklank om 'n beeld te vorm deur 'n klein kamera vooraan 'n endoskoop.

Dit dien as gids vir die dokter om te bepaal waar hy 'n biopsie gaan doen. Die biopsie is 'n klein monster van die betrokke weefsel wat vir ontleding geneem word. Só kan die betrokke fase waarin longkanker is akkuraat en vinnig gediagnoseer word. Die pasiënt word net onder ligte verdowing geplaas en geen narkose is nodig nie. Die prosedure neem net 45 minute en die pasiënt kan dieselfde dag nog huis toe gaan.

Dit kan ook gebruik word om tuberkulose en sarkoïdose te diagnoseer. Dit is 'n siekte wat veroorsaak dat die longe en limfkliere chroniese infeksie het.

Tot 90% van die pasiënte hoef nou nie meer chirurgie te ondergaan nie, maar kan met behulp van die nuwe instrument ondersoek word.

Dheda het gesê hulle het die instrument reeds gebruik om onder meer longkanker, tuberkulose en sarkoïdose by drie pasiënte te diagnoseer.

Endobrongiale ultraklankskandering: Só werk dit

Groote Schuur-hospitaal het pas dié nuwe toerusting ontvang om onder meer kliere en gewasse in die lugpyp en ander kleiner lugweë te bekyk en vinnig te diagnoseer.

Die endoskoop word deur die mond gesit en gevoer tot by die regte plek in die borskas. Met behulp van beelde danksy die ultraklank word 'n biopsie geneem met die naald van die klier of gewas. Dít word vir verdere ontleding gestuur.

Voordele
- Geen narkose; ligte kalmeermiddel word gegee.
- Vinnig: 45 minute.
- Pasiënt gaan dieselfde dag huis toe.

Grafika24